

Versamelstuk

BENODIGDHEDE: Per gordyn: Ongeveer 300 g wit Pingouin Nr. 5; hekelpen van 2 mm.

MATE: Een strook is ongeveer 30 cm breed; die lengte kan aangepas word soos verlang.

AFKORTINGS: Gs – glipsteek; ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; hlb – halflangbeen; st(e) – steek (steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s); herh – herhaal; vlg – volgende.

Spasie: 1lb om te begin; 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 lb, 1lb om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Begin met 157 ks en plaas 1e lb in 4e ks vanaf hekelpen.

Raadpleeg diagram en hekel vanaf begin tot stippellyn A-B; dié 48 rye vorm een volledige herhaling van patroon.

Herh pat soos benodig en wanneer werk voltooi is moet 'n rand rondom gehel word, soos volg:

OMRANDING: 1e rondte: *1kb in lb, 6ks, slaan 2 sps oor; herh rondom.

2e rondte: 1kb in kb, (1hlb, 5lb, 1hlb) in 6ks-sp; herh rondom.

3e rondte: *1kb in 3e van 5lb, 6ks; herh rondom.

4e rondte: Soos 2e rondte.

Knip gare af en werk netjies af.



AMPER 'N BLINDING

DIAGRAM VIR GORDYN

SLEUTEL TOT DIAGRAM

□ – spasie
✗ – blokkie

